Blondekop help wip in hare sit

CHRISTIAAN CLOETE

'n SA gebore supermodel is gekies as een van die nuwe gesigte van Schwarzkopf.

Die 30-jarige Nicola Breytenbach sal gou wêreldwyd op sjampoebottels, billboards en advertensies in glanstydskrifte verskyn as die nuwe gesig van die professionele haarreeks Schwarzkopf.

Nicola is een van talle plaaslike skoonhede wat deesdae gesogte SA uitvoerprodukte oorsee is.

Haar plaaslike agent, Andrew Farr, sê Breytenbach sal in dié bemarkingsveldtog saam met 'n handjie vol uitgesoekte skoonhede van verskillende haarkleure verskyn.

Nicola is die blonde meisie in die veldtog.

Sy het al op voorblaaie van groot glanstydskrifte soos *Cosmopolitan*, *Elle*, *Vogue* en die Amerikaanse *Marie Claire* verskyn en al 'n draai gemaak op die loopplanke van Milaan, Parys, Londen en New York.

Nicola het ook vir gesogte maatskappye soos *Revlon*, *L'Oreal* en *Versace* gewerk en het al in skeppings van beroemde ontwerperhuise soos *Chanel*, *Galliano* en *Dior* gemodelleer.

Sy het die wêreld aan die gons gehad toe sy onlangs met die skatryk Amerikaanse sakeman, Ben Steiner, afgehaak het in St Tropez langs die Franse Riviera.

Hoewel die goue meisie van Durban is en in Pretoria skoolgegaan het, bly sy in Amerika by haar man.

Nicola het aan *Sondag* verklap dat sy gou ook haar eie parfuum bekend wil stel.

Die SA gebore supermodel, Nicola Breytenbach.

Foto: **GQ-TYDSKRIF**